# HOOFSTUK II.

## DIE RONDGAANDE OF HUISONDERWYSER.

### 1. 'n Vergelyking tussen die Onderwystoestande op die Oosgrens, op Trek en in die Oorvaalse Gebied.

Die opvoedkundige denke van die Boere-emigrante het reeds op die Oosgrens vorm aangeneem. Op trek sou daaraan uitvoering gegee word in die mate wat deur omstandighede toegelaat is en in die Trekker-republieke sou dieselfde gedagte opnuut wortel skiet en ontwikkel op die vrugbare bodem van staatkundige onafhanklikheid.

In die Kolonie het die regeringskemas en -bemoeiinge die grensboer maar min beinvloed en hul enigste steun was die sg. rondgaande onderwyser wat gewoonlik sedelik nie hoog gestaan het nie. Tog het die mense in baie gevalle aan hulle voorkeur gegee bo die dorpskole of Goewermentsonderwys.[1)]

Verskillende redes het hiertoe bygedra. Ten eerste was daar die outokraties - geankerde regering van Lord Charles Somerset wat met sy Skotse predikante en onderwysers die skool wou verengels. Hierdeur het die skoolwese 'n vreemde instelling geword wat geensins die volkslewe, nóg in sy geskiedenis, nóg in sy politieke, nóg in sy Christelike en nasionale grondslag weerspieël het.[2)]

Ten tweede was hierdie goewermentskole gewoonlik buite bereik van die grensboere en was die rondgaande onderwyser die enigste wat beskikbaar was.[3)]

Die Familie-/...

1. Lugtenburg, t.a.p., 13.
2. Lubbe, t.a.p., 13.
3. Vgl. Hoofstuk I.

Die familiebetrekkinge het baie keer al 'n begin gemaak met die A.B.C. As een van die kinders dan oud genoeg was vir die kerklike aanneme, is 'n meester gehuur wat dan vir drie of ses maande alle kinders van die gesin moes onderrig, maar veral moes konsentreer op die aannemingskandidaat sodat hy stotend 'n bietjie kon lees, op 'n manier sy naam kon teken en miskien so 'n bietjie kon sing. Dan was daar weer betreklike stilte op die plaas totdat daar weer een oud genoeg was vir die aflegging van die geloofsbelydenis.[1]

Op die manier was die kinders gou volleerd, terwyl die leertyd in sistematiese dorpskole jare geneem het en hulle daarby nog sulke „ oortollige" goed soos Aardrykskunde, Geskiedenis en Engels moes leer. Die ou manier was dus baie gerieflIker en die meester het daarby soms ook nog handig ingekom met die plaaswerk, en uiteindelik, waarom moes die arme kind dan ook meer leer as sy ouers?[2]

Die gehegtheid aan hulle kerk was die stukrag agter die onderwys en het die ouers geen moeite of onkoste laat ontsien om hulle kinders deur die kerklike aanneme te kry nie. Menige plaasskooltjie het sy ontstaan en bestaan hieraan te danke gehad en waar die ouers vir die doel nie 'n skool kon stig nie, het hulle gebruik gemaak van 'n rondgaande onderwyser.[3]

„ Waar geen meester beschikbaar was, gaven de ouders zelf onderwys, want zonder lezen en schryven kon men moeilyk lidmaat van de kerk worden. En daarvoor moet het Afrikaansche volk de Kerk ten eeuwigen dage dankbaar wezen. Want deze weigering van wege

de kerk/...

1. Lugtenburg, t.a.p., 13.
2. Ibid.
3. Venter, t.a.p., 10.

de kerk om perzonen, die niet lezen of schryven konden tot het lidmaatschap toe te laten, heeft de Afrikaner van analfabetisme gered."[1])

Vanaf 1836 het die Groot-Trek plaasgevind, nie groot van weë sy getalle nie, maar van weë die feit dat dit die sentrale gebeurtenis was in die geskiedenis van die witman in Suid-Afrika. Die uittog van ongeveer 10,000 siele met 'n geskatte 2000 kinders[2]) het vanuit die Oostelike distrikte van die Kaapkolonie plaasgevind.

Op Trek is wanhopig vasgehou aan die begeerte en pogings om die vereiste minimum onderwys aan die kinders te verskaf. Telkens wanneer die trek tot stilstand gekom het, is die onderwys weer met erns aangepak.

Oor die periode van die Trek heen het hierdie idee van drie-maande onderwys deur 'n huisonderwyser weer wortel geskiet in die Oorvaalse gebied.

Met die koms van die eerste werklike onderwysers vanaf Holland aan die einde van 1851, was die Kommissieraad van Lydenburg, by wie die onderwysers hulle aangemeld het,,verplig eerst te onderzoeken of men begerig is buiten dit distrikt om vast schoolonderwys onder zich te verkrygen."[3])

Die populariteit van hierdie onderwysstelsel in die Transvaalse gebied blyk uit die feit dat die aanvraag na die sg. huisonderwysers vir baie jare groot gebly het.

Op 3 Augustus 1854 skryf Ds. Dirk van der Hoff bv. as volg aan Prof. Lauts in Amsterdam:

,,Huisonderwyzers/..

---

1. Hoogenhout in V.V.O.O.Z.A. - Gedenkboek, 44.
2. Van Zyl: Die Onderwysgesk. van Lydenburg en Distrik voor 1900, II.
3. Vgl. Hoofstuk VI.

„ Huisonderwyzers kunnen er van de Kaap af tot hier toe, wel een paar honderd teen 20 K.Rsd. per maand geplaatst word."[1]

Die nadeel van hierdie stelsel het ook nie uitgebly nie. Toe beter tye aangebreek het, is die kinders ook soms na drie maande uit die skool geneem, want hulle was dan volleerd.[2] Wesenlik vind ons dan weinig of geen verskil in die onderwys oor die drie periodes, nl. op die voorposte in die Kaapkolonie, op trek en gedurende die pioniersjare in die Oorvaalse gebied nie. Die pionierslewe self het weinig geleentheid en geneentheid geskep vir die onderwys. Dit, tesame met die byna volslae afwesigheid van onderwysers, behalwe enkele rondgaande onderwysers, kenmerk al drie periodes.

2. Algemene Karakteristiek van die Rondgaande Onderwyser.

Hoewel die huisonderwysers in 'n dringende behoefte voorsien het en ons geen reg het om sonder waardering van hulle werk te praat nie, is daar veel getuienis dat hulle as groep nie die regte mense op die regte plek was nie.

In 'n herderlike brief van die Sinode van die Kaapse Kerk in 1834, lees ons reeds die volgende oor hierdie onderwysers:[3]

„ De opvoeding der Christelike Jeugd heeft onze ernstige overweging naar zich getrokken, wy gevoelen het, wy weten het, dat daaraan nog veel gedaan moet worden om het onderwys der christelike Jeugd meer algemeen over deze volksplanting uit te breiden; daartoe worden voorwerpen vereischt, die tot deze gewichtige/...

1. Engelbrecht: Gesk. van die Ned. Herv. Kerk in S.A., 1920 uitgawe, bylae XXXVII.
2. Vgl. die gesk. van die eerste skool van meester van der Linden op Potchefstroom, Hoofstuk V.
3. Venter, t.a.p., 60.

gewichtige taak opgeleid zyn. Het is niet met onverschilligheid, dat wy de onderwyzers die zich in de binnenlanden onder de ingezetenen bevinden, hebben opgemerkt en gadegeslagen, waaronder er zich velen bevinden, die tot deze hoogst belangryke taak onbevoegd zyn en het beroep van onderwyzer, na alle andere broodwinningen vruchteloos te hebben beproefd, by de hand genomen hebben, en in hun diepe onkunde in de hun toevertrouwde jeugd verkeerde denkbeelden, zoo nopens den Godsdienst als ander voorwerpen inprenten."

Hierdie onderwysers was dikwels manne van geringe onderwysbevoegdhede. Gewese matrose en soldate, mislukkinge in ander bedrywe, geheel ontdaan van innerlike beskawing, het hulle aangebied as opvoeders van die mense wat reeds van soveel voorregte verstoke was. Baie van die meesters het die onderwys en die onderwyser in disrepuut gebring, maar hulle het in 'n dringende behoefte voorsien. Teen 'n geringe vergoeding en bereid om die wisselvallighede van die lewe van elke grensboer vir lief te neem, het hulle aan die jeug van plek tot plek, elke keer in die tydsbestek van 'n paar maande, die opleiding verskaf wat nodig was om te voldoen aan die onmiddellike doel van die onderwys.[1)]

Die salaris van hierdie huisonderwysers het gevarieer. Party het net vir kos en klere gewerk, terwyl ander 'n vaste vergoeding in vee, eetware, geld of al drie gekry het. Baie het tussen 10 en 20 Rds. per maand ontvang.[2)] Hierdie salaris van 20 Rds. per maand was blykbaar ook die algemene in die eerste jare van die Suid-Afrikaanse Republiek.[3)]

Maar die/......

1. Bosman: Onderwys en die Groot Trek, in „Die Huisgenoot," Des. 1938, 159.
2. Lugtenburg, t.a.p. 13.
3. Engelbrecht, t.a.p., bylae XXXVII.

Maar die mees verdoemende oordeel word gevel deur Cachet as hy skryf oor die huisonderwysers in die Z.A.R.[1]

„Gedreven door de begeerte, om de kinderen, die geen gevestigde school kunnen bezoeken, toch eenig onderwys te verschaffen, bediende de Boeren zich van ‚meesters' die drie maanden hier en zes maanden daar, onderwys geven. Onder deze meesters werden, en worden enkelen gevonden, die, schoon niet voor het vak opgeleid, het toch con amore uitoefen, en ongetwyfeld veel nut stichtten, maar hun getal is zeer gering, en menige Boer moet maanden en maanden wachten eer hy geholpen kan worden. De meeste meesters echter zyn in ieder opzicht ongeschikt voor het gewichtig werk, dat zy ter hand genomen hebben, en verhuren zich als meester omdat zy op geen andere wyse een onderkomen kunnen krygen. En zelfs voor zulke perzonen zyn er dikwels meer plaatsen open dan zy vervullen kunnen. Schryver heeft onder de meesters aangetroffen: deserteurs, verloopen rechtsgeleerden en geneeskundigen, mislukten studenten, jongelui van goeden huizen, doch met een treurige geschiedenis achter zich, en personen, die te lui of te ongeschikt waren om te werken; - meesters die alleen nuchter waren als er geen drank te krygen waren, en niet naar het dorp mochten gaan, dan onder behoorlyk opzicht; - meesters die in het een of ander verbeterhuis thuis behoorden, - de laatste perzonen aan wie men de opvoeding van kinderen zou toevertrouwen. En wederom anderen op wier zedelyk gedracht, ten minste voor het oogenblik, weinig viel aan te merken, doch die nietemin geheel ongeschikt waren voor onderwyzer der Boerenkinderen.

Engelschen/..

1. Cachet: De Worstelstryd der Transvalers, 406.

Engelschen en Duitschers, byv. die het Hollandsch uitspraken, dat geen Hollander het verstaan kan. In een woord: treurig."

Dat die aanwesigheid van hierdie skoolmeesters nie 'n ongemengde seën was nie, blyk duidelik uit die pogings deur kerk en staat, soos neergelê in die sg. Van der Hoff-reglement van November 1853,[1] om hierdie onderwysers aan bande te lê. Art. I van hierdie reglement het bepaal dat niemand hom as onderwyser in die Z.A.R. mag vestig nie, behalwe diegene wat die predikant en kerkraad oortuig het van hulle bevoegdhede as onderwyser.

3. Die Huisonderwyser en die Onderwys op die Oosgrens.

a. Die Skool.

Uit die voorgaande sal dit reeds duidelik wees dat ons dieselfde onderwysgedagte en praktyk vind op die Oosgrens voor die Trek, op trek en in die eerste jare in die Oorvaalse gebied.

Alle onderwys op die Oosgrens was privaat ondernemings, op eie inisiatief georganiseer deur ouers of groepe ouers wat saam 'n onderwyser gehuur het. So 'n skool het selde langer as drie of ses maande bestaan, want dan was die leerlinge, of minstens die aannemingskandidate, gereed vir die gesogte kerklike lidmaatskap.[2]

Omdat die aantal kinders selde meer as 'n dosyn was, was 'n permanente skoolgebou onnodig. 'n Kamer of gedeelte van die voorhuis, selfs die waenhuis, is gebruik.[3] Ventilasie of beligting is selde in aanmerking geneem en dit was vir daardie kort periodes dan ook nie so besonder belangrik nie.

Skoolmeubels/..

---

1. Vgl. Hoofstuk V.
2. Venter, t.a.p., 10.
3. Lugtenburg, t.a.p., 13.

Skoolmeubels was primitief. 'n Paar planke, op een of ander manier ondersteun, was die tafel en kassies, veldstoeltjies of planke het as sitplekke gedien.[1]

Die skoolbehoeftes het meester vir 'n groot gedeelte self vervaardig.[2]

„ Gansvere werd als penne gebruik, en als die ink opraak, dan was vir die vervaardiging daarvan ook raad, namelik 'n oplossing van yser en asyn, met 'n bietjie boomgom daarin."[3] Leeshoutjies is deur die kinders self vervaardig. Van 'n stuk lood is 'n potlood gesny.[4] 'n Rooster van werksaamhede was 'n onbekende iets.[5] Dissipline was nie 'n moeilikheid in die dae nie. By die geringe aantal kinders was daar ook nog die grootste vrees vir die meester, want meester moes slaan; anders was hy nie 'n goeie onderwyser nie.[6]

Die straf is steeds op die konvensionele wyse toegedien: op die hande en op die velbroek, maar „ oorvygen" was ook bekend.[7] In die skool self was meester aan min konvensies gebonde. So lees ons van een wat sy herkoms nie verloën het nie, en uit 'n hangmat die verrigtinge waargeneem het. In die skool het meester o.a. pyp gerook knope gesny en skoene gemaak.[8]

In sommige gevalle het, afgesien van die kategetiese onderwys, ook die huisgodsdiens, die opstel van testamente, die uitskryf van geslagsregisters

en dergelike/...

1. Lugtenburg, t.a.p., 14.
2. Ibid.
3. Preller: Voortrekkermense, deel I, 255.
4. Lugtenburg, t.a.p., 14.
5. Du Plessis: Uit die Gesk. van de Z.A.R. en van de Afrikaners, 319.
6. Spoelstra: Ons Volkslewe, 61.
7. Du Plessis, t.a.p., 318 en 322.
8. Ibid., 323.
   Dagboek van Louis Trichardt, 83.

en dergelike skryfwerk onder meester se pligte geval.[1]

b. Die Bronne.

By die groot verskil in die ontwikkeling van die onderwyser, was daar natuurlik verskil in die behandeling van die leerstof, maar twee sterk faktore het weer eenvormigheid in die hand gewerk. Eerstens was dit die gemeenskaplike doel, nl. die aflegging van die geloofsbelydenis en tweedens die universele skoolboeke.

Ook kan veilig aanvaar word dat die besit van die skoolboeke van die dae nie 'n algemene verskynsel was nie. Maar onder gunstige omstandighede was die volgende, naas die Statebybel, met kant-aantekeninge, die algemene:[2]

1. Die A.B.C.- Boek met die Haan en 'n Trap der Jeugd, geskryf deur Bastian Cramer.
2. 'n Paar Kinderboekies soos: Jacobus Borstius se Eenige Korte vragen voor de kleine Kinderen, waarby gevoegd zyn eenige korte historische vragen, getrokken uit de Heilige Schrift, benevens de Wet des Heeren, de Twaalf Artikelen des Geloofs en eenige korte Gebeden; Abraham Hellenbroek se Voorbeeld der Goddelyke Waarheden, voor eenvoudigen die zich bereiden tot belydenis des geloofs, enz; Korte en eenvoudige Catechizatie voor het voorbeeld der Goddelyke Waarheden van Abraham Hellenbroek; Het Kort Begrip der Christelyke Relegie, opgestel in opdrag en met goedkeuring van die

Dortze/....

---

1. Lugtenburg, t.a.p., 14.
2. Coetzee: Onderwys op die Groot Trek in „ Die Voortrek," Byvoegsel tot „ Die Transvaler," 13 Des. 1949, 32.
Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937,32.
Van Zyl, t.a.p., 16.

Dortze Vaders in die laatste Synodus Nationaal 1618 en 1619.

3. De Kleine Printbybel, waarin door verschillende afbeeldingen een menigte van Bybelsche spreuken verklaart wordt.

4. Hieronymus van Alphen se Kleine Gedichten voor Kinderen en Anslyn se: De Brave Hendrik.

5. Ten slotte is die voortgesette lesing van die Heilige Skrif vereis. Dit is in die reël aangevul deur die lees van die werke van outeurs soos C. Mell, B. Smytegeld, C. Niel, W. a Brakel e.a.

6. Die sangonderrig het meestal bestaan in die beoefening van die sing van die psalms en gesange in gebruik by die erediens, maar ook in die sing van sogenaamde geestelike liedere waarvan die bekendste was die van Jadocus van Lodenstein, Johannes en Jacobus Groenewegen en veral Willem Sluyter. Hierdie laasgenoemde 17de-eeuse Nederlandse predikant se lywige digbundels en liedere was hier in Suid-Afrika nog lank bekend terwyl hy in Holland reeds in die vergetelheid verdwyn het. Ons noem net 'n paar van sy bundels: Gesangen, Eybergsche Sanglust, Vreugd- en liefdesangen, Christelyke Doodsbetrachting, Psalmen, lofsangen en de geestelyke Liedekens.[1)]

c. Die Leerstof en Leerproses.

Spoelstra[2)] gee 'n mooi samevatting van wat daar in daardie dae geken moes word en die volgorde waarin die leerstof behandel is.

Die eerste/..

1. Van Selms: Willem Sluiter en sy Gemeente, in die Almanak van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 1949, 79.
2. Spoelstra, t.a.p., 60.

Die eerste stap by die onderwys was die aanleer van die alfabet. Daar was geen sprake van bevordering voordat die leerling nie eers die 26 letters van die alfabet in die gewone volgorde van A tot Z uit sy hoof kon opsê nie, en soms ook nog van Z tot A. Maar 'n geduldige ouer of 'n kwaai skoolmeester, wat dan ook sinoniem was met 'n goeie meester, het na 'n maand of wat wel daarin geslaag om die kind sover te bring.[1)]

Na die aanleer van die alfabet, moes die kind begin met die speloefeninge in die A.B.C.-boekie wat heel eenvoudig was; meestal net twee letters. Kon die kind nou sulke woordjies lees, kry hy die Trap der Jeugd as leerboek. Hierdie boek wat selfs tot aan die einde van die vorige eeu hier nog goed bekend was, het begin met maklike eenlettergrepige woordjies. Gaandeweg word die woorde langer totdat woorde voorkom wat ons vandag nie graag in 'n leesboek sal wil sien nie.

Hierdie Trap der Jeugd is nie in een dag onder die knie gebring nie. Daar het maande verloop. Dit het inspanning gekos en soms harde woorde en nog harder houe van die kant van die ouer of onderwyser.[2)]

Het dit eenmaal ingeslaan, het die derde trap in die onderwys gevolg, nl. die lees van die Bybel; 'n proses wat, as dit eenmaal onder die knie was, nie weer gestaak sou word nie.[3)]

By die Bybel is die Vraeboek van Borstius bestudeer. Elke dag is 'n „ pandjie," ons sou sê 'n kolom of halwe bladsy geleer. Na Borstius se vrae het

Hellenbroek/...

1. Bosman, t.a.p., 177.
2. Ibid.
3. Spoelstra, t.a.p., 62.

Hellenbroek gevolg en daarna die Kort Begrip-vrae.[1]

By die lees het die skryfkuns nie agterweë gebly nie. Dit was egter 'n moeilike taak omdat die ouers en baie meesters self nie die taak goed beheer het nie en nog minder geweet het hoe om dit aan andere te leer.[2] Bowendien was die skryfgereedskap skaars en swak. Alles het meegewerk om die skryfkuns te verwaarloos.

'n Behoorlike opstel het die ouers die kinders nie gegee nie en die gehuurde meesters was in baie gevalle self te onontwikkeld om een te skryf.[3] Die skrywe het dan ook uit feitlik niks anders bestaan nie as om die letters te leer skryf volgens voorbeelde, sonder enige aandag aan die nodige verbinding. Tog het die meeste dit sover gebring dat hulle hul van hierdie middel in die onderlinge verkeer kon bedien.[4]

Met rekenkunde was dit nie anders gesteld nie. Die kinders het die syfers leer maak en miskien klein optelsommetjies gemaak, maar verder het dit nie gekom nie. Maar wat in die skriftelike rekene kortgekom het, is in die hoofrekene vergoed.[5]

Een vak wat nie verwaarloos is nie, was sang. Meer aandag is hieraan spandeer as aan rekene. Die ut-re-mi volgens die B mol en B duur moes geleer word. Die kinders moes kon insit en nootvas kon wysie-hou want miskien word hy of sy by die aanneming versoek om 'n versie in te sit.[6]

So was die leerplan van die meester op die Oosgrens voor die Trek, so het dit gebly tydens die

Trek/....

---

1. Spoelstra, t.a.p., 62.
2. Bosman, t.a.p., 177.
3. Spoelstra, t.a.p., 62.
4. Ibid.
5. Spoelstra, t.a.p., 62.
6. Ibid.

Trek en so was dit weer in die vroeë jare in die Transvaal.

Behalwe hierdie onderrig in die elementêre beginsels van rekene, lees, skrywe en sang, moes die kind veral as kind van God vir die Ewige Lewe voorberei word. „Die hele sedelik-godsdienstige opvoeding van die Trekkerkind was bedoel en ingerig op 'n voorbereiding vir die aflegging van die belydenis van die geloof. Daarom was die eintlike opvoeding 'n godsdienstige, want Godsdiens was vir die Trekker die mees praktiese saak in die lewe."[1)]

Afgesien van die verstandelike en geestelike toerusting van die kind, het die Voortrekker ook wel deeglik rekening gehou met die praktiese lewe en sy vele eise. Van jongs af moes elke kind help om die trekkerslewe moontlik en aangenaam te maak. Die seun moes so gou as moontlik die vader met sy buitepligte help en die dogter haar moeder met die pligte binne. Maar seun en dogter moes ook nog oor en weer help. Hierdie eerste praktiese opvoeding het van die kind gemaak 'n handige seun of dogter, 'n nuttige boer of boervrou.[2)]

4. <u>Die Onderwysers en hul werk tydens die Groot Trek.</u>

Bosman beweer dat elke Trekgeselskap een of meer onderwysers meegevoer het.[3)] Lugtenburg meen egter dat hoogstens sewe of agt onderwysers die Trek meegemaak het om aan 'n geskatte 2000 kinders onderwys te moet gee.[4)]

Malherbe stel dit as volg: „A conservative estimate will place the number of children of school-going/...

1. Coetzee, t.a.p. 13.
2. Wessels: Die Ontwikkeling van die Laerskoolleerplan van Transvaal, 4.
3. Bosman, t.a.p., 159.
4. Lugtenburg, t.a.p., 18.

going age at about 1700, and as far as we have been able to ascertain, there were less than a dozen of these schoolmasters all-told amongst them."[1]

Wanneer ons probeer om 'n studie te maak van die onderwysers wat die Trek meegemaak het en wat ook met die onderwys voortgegaan het in die Oorvaalse gebied, bevind ons ons voor die ongelukkige feit dat gegewens aangaande hulle en hulle werk haas nie bestaan nie. Daar moes egter ruim 'n dosyn gewees het wat 'n kortere of langer tydperk met die onderwys besig was.

a. Meester Daniël Pfeffer.

Die geskiedenis van die voorste Voortrekker Louis Trichardt, soos beskryf in sy Dagboek,[2] lewer miskien die treffendste voorbeeld van die onderwys op Trek. Die onderwyser by hierdie Voortrek was die oue en sieklike Daniël Pfeffer.

Van sy voorgeskiedenis weet ons niks. Vermoedelik was hy die familie Trichardt se huisonderwyser in die Kaapkolonie. Ook weet ons niks van sy bevoegdhede vir die betrekking nie. In sy Dagboek noem Louis Trichardt hom selde. Een keer tref ons hom aan waar hy in die skool sit en skoene maak. Hy moes een van die stilles in die land gewees het, maar ook een van die sterkes want hy was 75 jaar oud toe hy sy bondeltjie bymekaar gemaak en die Trichardts na die onbekende, wilde Noorde vergesel het.

Wat aan die onderwys gedoen is onderwyl die Trek aan die gang was, word nie meegedeel nie.

Ons kan egter/....

---

1. Malherbe: Education in S.A., 224.
2. Preller, Dagboek van Louis Trichardt, 1836-1838.

Ons kan egter veilig aanneem dat daar iets aan gedoen is telkens wanneer die Trek vir 'n paar dae tot stilstand gekom het.

Onmiddellik nadat Trichardt met sy geselskap aan die Zoutpansberg in die omgewing van die teenswoordige Louis Trichardt, tot stilstand gekom het en daar voorsiening gemaak was vir die nodige huisvesting, is 'n „ skoolhuis " gebou. Die agtienjarige Pieta Trichardt, seker 'n oud-leerling van meester Pfeffer, was veral ywerig by die bouwerk. Op 23 Maart 1837 teken Trichardt aan:[1)]

.....„en het (Pieta) een span ossen uitgejaagt om hout te halen voor de school."

25 Maart 1837 (Saterdag) : „ Heb Pieta dekgoed voor de school aangesleept."

27 Maart 1837 (Maandag) : „ De morgen is Pieta met Gabriël aan de school aan dekken gegaan."

Daar moes egter een of ander vertraging plaasgevind het want eers op 22 April, 'n maand nadat die eerste vrag hout aangesleep is, „ heb oue Daniël de kinderen in de school gezit."

Die skool, die eerste in Transvaal, is op 'n Saterdag begin. Miskien is op Sondae ook wel skoolgehou want dit skyn asof hierdie Trek -na die uiterlik - nie al die vroomheid getoon het wat die ander Trekgeselskappe kenmerk nie.[2)]

Wat meester Pfeffer die kinders geleer het, meld Trichardt nie.

Ou meester Daniël Pfeffer se dissipline het blykbaar ook te wense oorgelaat en die skoolbesoek was ongereeld, want „ den 25e is Diederik (Botha) uit de school/....

---

1. Preller: Dagboek van Louis Trichardt, 23 Maart 1837.
2. Lugtenburg, t.a.p., 17.

school gelopen."[1] Moontlik het die fout egter by die Botha's gelê want op Kersdagmôre, 1837, was „ Isack Albach, Kootjie Scheepers en Frederick Botha apsint." Hierdie eerste stokkiesdraaiers het boonop gewere, kruit en ander goed van verskillende lede van die geselskap saamgeneem. Van meester self het 'n rol en 'n half tabak, 'n hemp, 'n onderbaadjie, gare, naalde, naairinge en 'n mes verdwyn.[2]

Vier dae later, deur berou gedryf, was hulle terug en meester het sy besittings weer teruggekry.

Opmerklik is dat 'n paar baster-kinders van Albach, 'n Fransman, wat tot die geselskap behoort het, maar 'n meid tot vrou gehad het, ook in die skool opgeneem is.[3]

Aan die einde van Mei 1837 het die Trek verskuif na 'n meer geskikte plek en die eerste skoolgebou is aan sy lot oorgelaat. Op 17 Junie is begin met 'n nuwe skoolgebou en die 27ste Junie was die kinders weer op skool.

Daar was nou sowat 20 leerlinge in die skool, onder wie Breggie, die vrou van Jan Pretorius, wat self twee kinders op skool gehad het.[4] Maar dit sou nie lank duur nie, want op 23 Augustus het Louis Trichardt se trek weer op reis gegaan na Delagoabaai. Daniël Pfeffer is meegevoer na die koorsbesmette moerasse van Suid-Oos-Afrika.

Na 'n vermoeiende reis van drie maande was die Trekkers op 13 April 1838 by Delagoabaai. Die 17de April het die koors hulle begin aantas - „ Is myn vrouw, Goestaf, Jerimi, Annie en ouwe Daniël tegelyk

siek/....

1. Dagboek van Louis Trichardt, 3 Mei 1837.
2. Ibid., 22 April 1837.
3. Ibid.
4. Ibid., 27 Junie 1837.

siek geworden aan de Koors."[1]

Op Saterdag, 21 April 1838, teken Trichardt aan:

„ Met hanekraay is ouwe Daniël overleden, in den ouderdom van 78 jaar, 2 maanden en 7 dagen.......
Ik liet hem begraven en betaalde zyne begrafenis."[2]

So is dan die eerste onderwyser van Transvaal oorlede. In stille tevredenheid het hy sy lewe gewy aan die onderwys van die jeug van die voorste Voortrek.

b. Erasmus Smit.

Aanvanklik was Gerrit Maritz van die Trekker-groepe die beste daaraan toe wat onderwysers betref. Nadat die predikante van die Kaapse Kerk onwillig was om die klomp Nomade, wat sonder 'n Moses of Aäron die wildernis wou intrek, te vergesel,[3] het Maritz die gewese sendeling, Erasmus Smit, saamgeneem met die belofte dat hy, „ ofschoon oud en ziekelyk," hul leraar sou wees.[4]

Erasmus Smit is in 1778 in Amsterdam, Holland, gebore en is opgelei as sendeling vir die Nederlandse Sendinggenootskap. Nadat hy in 1804 na Suid-Afrika gekom het, was hy byna twintig jaar lank werksaam vir die Londonse Sendinggenootskap, o.a. saam met Dr. J.T. van der Kemp op Bethelsdorp en op Colesberg en Beaufort-Wes.[5]

Tussen die jare 1820 en 1830 het hy sendingwerk gedoen op Stellenbosch en daarna het hy hom as onderwyser gevestig op Olifantshoek waar hy in 1822 met 'n eie suster van Gerrit Maritz getroud is. Hier is hy bygestaan/

1. Dagboek van Louis Trichardt, 17 April 1838.
2. Ibid. 21 April 1838.
3. Engelbrecht: Die Ned. Herv. Gemeente Potchefstroom, 1842-1942, 10.
4. Dagboek van Erasmus Smit: 20 Junie 1837.
5. Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, 20.

hy bygestaan deur sy twee seuns.[1] Sy peil van ontwikkeling het hom ver bo die gewone huisonderwyser geplaas. Dit was slegs uit nood dat hy „ geskoolmeester" het.[2]

Smit was klaarblyklik geen innemende persoonlikheid nie en daarby kom nog dat hy 'n tyd lank werksaam was onder die gehate Londonse Sendinggenootskap, en dat sy ordening in twyfel getrek is.[3] Sy geestelike werksaamhede was dan ook slegs tot Natal, aan die Oostekant van die Drakensberg, beperk. Vir ons doel is hy slegs een van daardie persone wat ook op Trek sy deeltjie sou bydra om die jeug van analfabetisme te red.

Op 22 Mei 1837 is hy deur Retief self bevestig „ als eersten Leeraar voor de reizende Gemeente der Gereformeerde Kerk naar Port Natal."[4] Op Sondag, 11 Junie 1837, het die Goewerneur sy amps-eed afgelê.[5]

In hierdie dokument is geen melding gemaak van die Godsdiens of onderwys nie. Erasmus Smit het hierdie tekortkoming ingesien [6] en daarom het hy, toe Retief sy amps-eed afgelê het, hom sy hand laat hou oor die gedeelte van die Heidelbergse Kategismus waar staan: „ of het onderwys in de Christelyke Leer die in de Nederduitsche Gereformeerde Kerken en Scholen gebruikt wordt, mitsgaders de Belydenis des Geloofs bestaande in 37 Artikelen, en de Liturgie derzelve Kerken." [7]

In sy/..........

---

1. Preller: Voortrekkermense, Deel III, 139.
2. Lugtenburg, t.a.p., 15.
3. Gerdener, t.a.p., 21. Engelbrecht, t.a.p.,1936 uitgawe, 33.
4. Dagboek van Erasmus Smit, 21 Mei 1837.
5. Ibid., 6 Junie 1837. Vgl. ook Preller: Voortrekkermense, deel I, Bylae II.
6. Dagboek van Erasmus Smit, 7 Junie 1837.
7. Ibid., 11 Junie 1837.

In sy amps-eed het Retief beloof om: „ de Christelyke Geloofsbelydenis, naar den inhoud van artikel 36, met de aankleving van dezelve, den Catechismus en de Liturgieën, der Nederduitsche Gereformeerde Kerk zal protecteeren en beschermen; en dat ik in mijn Gouvernement geen Beambte zal toelaten in de Kerkelyke en Burgerlyke Regeering, als die lidmaten zyn der voormelde Gereformeerde Kerk en van hunne goede getuigschriften voorzien zyn."[1)]

Hierdie toevoeging tot die eed van die Goewerneur is vir ons van die grootste belang, want hierdie verband tussen Kerk en Staat aan die een kant en Kerk en Onderwys aan die anderkant, sou vir baie jare die leidraad wees vir alle wetgewing op onderwysgebied [2)]

Spoedig tref ons Smit by Retief aan omdat hy gehaat was by die Maritz-geselskap.[3)] Hy het egter getrou voortgegaan met die verkondiging van die Evangelie, twee- en selfs driemaal elke Sondag en 'n bidstonde elke Woensdagaand.[4)] Afwisselend het Erasmus Smit nou ook weer onderwys gegee. Hy is hierin bygestaan deur sy vrou wat o.m. les gegee het in handwerk.[5)]

Voordat die dorp Pietermaritzburg aangelê is, het Erasmus Smit aan sowat vyftig tot sestig leerlinge onderwys gegee.[6)]

Erasmus Smit het hom op Pietermaritzburg gevestig waar hy slegs offisieel erken gebly het as

eerste/......

1. Dagboek van Erasmus Smit, 11 Junie 1837.
2. Lugtenburg, t.a.p., 20.
3. Dagboek van Erasmus Smit, 7 en 8 Julie 1837.
4. Gerdener, t.a.p., 21.
5. Preller: Voortrekkermense Deel I, 185.
6. Lubbe, t.a.p., 78.

eerste leraar, want weldra sou Eerw. Lindley sy plek inneem.[1]

c. Ander Onderwysers.

Ook Eerw. Lindley het naas die behartiging van die kerklike pligte, belangrike diens as onderwyser gelewer. Gerugsteen deur Mev. Lindley, het die Eerwaarde 'n skool onder die Trekkers begin en agtien maande lank onderwys gegee sonder om beloning te vra.[2]

Net soos die trekke van Trichardt en Maritz, het die ander trekgeselskappe ook een of meer onderwysers saamgeneem.

Andries Hendrik Potgieter se geselskap, wat so kort op die hakke van Louis Trichardt was, het ongetwyfeld meer as een onderwyser onder hulle geledere getel. Meer as 'n jaar voordat Daniël Pfeffer in Delagoabaai aan die koors beswyk het, was 'n sekere meester MacDonald saam met die familie Liebenberg die slagoffer van 'n Matabeli-impi, wat hulle almal uitgemoor het naby die teenswoordige Parys.[3]

By 'n ander geselskap, bestaande uit Liebenbergs, Swanepoels en van den Bergs, wat Erasmus Smit aan die einde van November 1836 aan die Modderrivier raakgeloop het, tref hy ook 'n onderwyser aan.....
„Hier ontmoette ik een schoon vromen jongeling van 19 jaren.....Hy is reeds bezig in 't geven van nuttig schoolonderwys aan jonge kinderen."[4]

By Potgieter se trek was nog ene Tielman Roos wat later ook op Potchefstroom en Magaliesberg onderwys gegee het. O.a. het hy ook drie maande

onderwys/...

1. Vgl. Hoofstuk III.
2. Lubbe, t.a.p., 91.
3. Potgieter en Theunissen: Hendrik Potgieter, 54.
4. Dagboek van Erasmus Smit, 28 Nov. 1836.

onderwys gegee aan die jong Paul Kruger.[1)]

By Retief was ook ene Wynand Mare. Hy was bekend as die „ legerschoolmeester" en het twee groot veldtente gehad wat by tye ook diens gedoen het as vergaderplek vir kerkdienste.[2)]

Dit is jammer dat van hierdie onderwysers byna net die name bekend is. Op Vrydag, 1 Junie 1838, skryf Erasmus Smit bv.: „ Van der Merwe, een onderwyser der Jeugd, voerd hedenavond onsen Godsdienst."[3)] Verder weet ons van hom niks.

Ons kan ook slegs die name noem van onderwysers soos Alfred Smith, Koos Nel, Jan Helberg en Bernard Appel.[4)] Daar moes ook nog ander gewees het waarvan die name vandag nie eers bekend is nie.

5. Getuienis van Voortrekkers e.a. oor die Onderwys op Trek.

Moeite en verdriet was by uitnemendheid die lot van die Trekker en sy kind. Te midde van dit alles het die kinders opgegroei in 'n lewe wat hulle gehard en gebrei het. Vroeg was die hulp van die kinders nodig. Maar dit het ook 'n voordeel gehad - die kinders van die Trek was meer algemeen en selfstandig ontwikkel as vandag se kinders.[5)]

Die voorgenoemde huisonderwysers was maar 'n druppel in die emmer. Die onderwys het tog maar op die skouers van die ouers gerus.

Al het die kinders bedags agter die vee deurgebring, het hulle dikwels die tyd benuttig om uit die

boeke/.......

---

1. Vgl. Hoofstuk VII.
2. Dagboek van Erasmus Smit, 4 Mei 1838, vgl.ook 7 Mei 1838.
3. Dagboek van Erasmus Smit, 1 Junie 1838.
4. Bosman, t.a.p., 159.
5. Preller: Voortrekkermense, Deel I, 210.

boeke wat daar was, te leer en om in die aand of in die oggend, voordat hulle met die vee veld toe gaan, eers lesse op te sê. Smôrens vroeg en saans laat het die ouers, veral die moeders, die kinders onderrig. Anna Steenkamp vertel dat sy een aand om negeuur nog besig was om haar kinders te leer. Dit sou wel nie net Anna Steenkamp gewees het wat dit gedoen het nie. In meer as een tent, by die vetkers, of om die kampvuur het die kinders van 'm huisgesin aan die moeder se knie vergader om te leer lees, of Bybeltekse en Psalm- en Gesangeversies van buite te leer, of die vrae en antwoorde van die katkisasieboek baas te raak.[1)]

Soms het dit gebeur in die vroeë oggend, net na Boekevat, en voordat die daaglikse werk 'n aanvang neem. Die kleiner kinders het bedags tuis 'n bietjie onderwys geniet. Jan Snyman - dit was in die donker jaar 1838 - het 'n tent gespan om as skoolgebou te dien, want, sê hy, hy wil liewer in 'n skerm woon, as om sy dogter ongeleerd te sien.[2)]

Hierdie getuienis word gestaaf deur Mev. Gen. Joubert, naamlik dat op die trekpad geen tyd was om te leer nie, maar slegs by die uitspanplek. Op hierdie plek het almal hul boekies gebring - dit was die Trap der Jeugd - en die vaders het gesit en vir hulle gewys om die woordjies te spel. Skrywe het moeilik gegaan, die ink was skaars en die wat daar was, moes spaarsaam gebruik word.[3)] Louis Nel vertel dat sy grootmoeder hom opgevoed het. Sodra daar 'n kans was, het sy haar tent opgeslaam en die kinders van die laer

bymekaar /.........

1. Bosman, t.a.p., 177.
2. Ibid.
3. Rompel-Koopman: Wat Mev. Gen. Joubert vertelt, 34.

bymekaar gemaak om hulle te leer. Sy het hulle gesangeversies, Bybeltekse en gedigte van die Nederlandse digter, Van Alphen, geleer.[1]

In sy Gedenkskrifte vertel Paul Kruger dat wanneer hulle klaar geëet het, die kinders elkeen 'n stuk uit die Heilige Skrif moes voorlees en oorvertel. Ook moes hulle hier en daar 'n vers oorskryf of van buite leer.... „So het my vader my ook die Bybelse geskiedenis geleer en my saans daarin onderrig gegee. Ook het ek onderwys ontvang van 'n sekere Tielman Roos....Hierdie onderrig het altesame drie maande geduur. As die trek op 'n uitspanplek 'n tydlank tot rus gekom het, is daar van gras en klei 'n klein hut gebou wat dan as skoolgebou moes dien vir die kinders van die Trekkers."[2]

Ons kan volstaan met onderstaande beskrywing van 'n dag uit die Trekkerslewe:[3]

„Almaal staan vroeg op. Daar word dan in die tente kers opgesteek en met die groterige kinders boeke gevat; en na 'n bietjie lere, gaan die kinders met die vee uit, en met die les in hul ore, wat hulle die aand, of wel die volgende more kom herhaal. Die kleintjies leer soveel molik gedurende die dag, meestal van die moeders, ofskoon in verskillende laers enkele manne en vroue hul spesiaal op die onderwys toegelegt't en gedurende die dag vir enige ure al die kinders, wat nie by die vee was nie, om hul heen versamel en onderrig. In Veglaer het

moeder Smit/.....

---

1. Adv. E.G. Jansen: Herinneringe van Louis Nel, 10.
2. Bredell en Grobler: Die Gedenkskrifte van Paul Kruger, 6.
3. Preller: Voortrekkermense, Deel I, 185.

moeder Smit dit gereeld gedoen, en ook ou vader Smit self vir die groterige jong mense, wat die behoefte voel aan enige onderrig."

Hierdie hoofstuk kan nie beter afgesluit word nie as met die woorde van A.K. Bot, wat die opvoeding en onderwys van die Voortrekkerkind as volg saamvat:[1)]

,,Sonder 'n georganiseerde stelsel van onderwys, sonder hulpmiddels, sonder geboue of meubels, het die Voortrekker sy kind bewaar vir verstandelike of sedelike degenerasie, het hy hom opgevoed in gehoorsaamheid, in eerbied vir gesag, in liefde vir volk en vaderland; kortom: in die vrees van God. Dit was 'n opvoeding wat aangepas het by die omgewing en die lewensomstandighede en derhalwe voldoen het aan die eise van sy tyd. Dit het 'n geslag gekweek van onversaagde baanbrekers wat die nuwe Vaderland maatskaplik, ekonomies en staatkundig sou ontgin, gerugsteun deur die sedelike krag van 'n stoere Calvinisme."

---

1. Bot: Honderd jaar Onderwys in Transvaal, 11.